Dedri Mostert-Hamman

Studieleier: Prof L Dreyer

**Privaat primêre skoolonderwysers se familiariteit aangaande assesserings-aanpassings: ‘n gevallestudie**

In my studie het ek privaat primêre skoolonderwysers se familiariteit aangaande assesseringsaanpassings verken. Assesseringsaanpassings is tegnieke wat gebruik word om te verseker dat leerders wat leergrense ervaar, hulle kennis en bevoegdheid kan ten toon stel. Hierdie aanpassings kan ‘n verskeidenheid van vorms aanneem en kan beide formeel of informeel toegepas word. ‘n Voorbeeld van ‘n assesseringsaanpassing is om ‘n leerder wat ‘n leesgebrek het by te staan deur ‘n persoon te kry om eksamenvrae vir die leerder te lees. Onderwysers speel ‘n belangrike rol in die implementering van assesseringsaanpassings, dus moet hulle voldoende kennis aangaande aanpassings hê, selfversekerd wees in hulle bevoegdheid om aanpassings te implementeer en bevoegd wees om te identifiseer wanneer leerders aanpassings benodig. Die studie het inligting verkry van tien onderwysers verbonde aan ‘n skool in Kaapstad asook die skoolhoof van die skool aangaande hulle ervarings en kennis van assesseringsaanpassings. Inligting is versamel deur middel van ‘n elektroniese vraelys, onderhoud en fokusgroepbesprekings. Die studie het bevind dat onderwysers beduidende kennis van assesseringsaanpassings het, maar dat hulle twyfel oor hulle bevoegdheid om aanpassings te implementeer. Verder het die studie gapings in die gebruik van hulpbronne benodig vir die implementering van assesseringsaanpassings by die skool uitgewys.